Pretoria- 21 Junie 2014

Skriflesing: Hosea 1:12 - 2:22
Teks: **Hosea 2:13-14**
Sing- Ps. 33:1, Ps. 119:60; Ps. 133:1,2; Ps. 118:1

Hos 2:1 (1:12) Sê aan julle broers: Ammi, en aan julle susters: Rugáma.
Hos 2:2 (2:1) Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg.
Hos 2:3 (2:2) Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn, ja, haar stel soos 'n dor land en haar van dors laat sterwe.
Hos 2:4 (2:3) En Ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore.
Hos 2:5 (2:4) Want hulle moeder het in ontug gelewe, sy wat met hulle swanger was, het skandelike dinge gedoen; want sy het gesê: Ek wil my minnaars agternaloop wat my brood en my water, my wol en my vlas, my olie en my drank gee.
Hos 2:6 (2:5) Daarom, kyk, Ek sal jou weg met dorings toemaak en om haar 'n muur bou, sodat sy haar paaie nie sal vind nie.
Hos 2:7 (2:6) En sy sal haar minnaars agternaloop, maar hulle nie inhaal nie; en sy sal hulle soek, maar nie vind nie. Dan sal sy sê: Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man, want toe het ek dit beter gehad as nou.
Hos 2:8 (2:7) Ja, sy het nie erken dat Ek aan haar die koring en die mos en die olie gegee het nie, ook silwer vir haar vermenigvuldig het en goud, wat hulle vir Baäl gebruik het.
Hos 2:9 (2:8) Daarom sal Ek my koring terugneem in die oestyd en my mos op die bepaalde tyd, en wegneem my wol en my vlas wat dien om haar naaktheid te bedek.
Hos 2:10 (2:9) Ek sal dan nou haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars, en niemand sal haar uit my hand red nie.
Hos 2:11 (2:10) En Ek maak 'n einde aan al haar vreugde, haar feeste, haar nuwemane en haar sabbatte, ja, aan al haar feestye.
Hos 2:12 (2:11) En Ek sal haar wingerdstok en haar vyeboom verwoes waarvan sy gesê het: Hierdie dinge is my hoereloon wat my minnaars my gegee het; en Ek sal dit tot 'n bos maak, en die wilde diere van die veld sal dit opeet.
Hos 2:13 (2:12) So besoek Ek dan aan haar die dae van die Baäls toe sy vir hulle offerrook laat opgaan het en haar met haar neusring en haar halssierade versier en haar minnaars agternageloop het; maar My het sy vergeet, spreek die HERE.
Hos 2:14 (2:13) Daarom, kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek.
Hos 2:15 (2:14) Dan sal Ek haar daarvandaan haar wingerde gee en die dal Agor tot 'n deur van hoop, en daar sal sy antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egipteland opgetrek het.
Hos 2:16 (2:15) En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie.
Hos 2:17 (2:16) Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie.
Hos 2:18 (2:17) Verder sluit Ek in dié dag vir hulle 'n verbond met die wilde diere van die veld en met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde; ja, boog en swaard en oorlog sal Ek verbreek uit die land, en Ek sal hulle in veiligheid laat rus.
Hos 2:19 (2:18) En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming.
Hos 2:20 (2:19) En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.
Hos 2:21 (2:20) En in dié dag sal Ek verhoor, spreek die HERE, Ek sal die hemel verhoor en dié sal die aarde verhoor.
Hos 2:22 (2:21) En die aarde sal die koring verhoor en die mos en die olie, en dié sal Jísreël verhoor.

Hos 2:23 (2:22) En Ek sal haar vir My saai in die land en My oor Lo-Rugáma ontferm, en aan Lo-Ammi sê: Jy is my volk; en hy sal sê: My God!

Skriflesing: Hosea 2
Teks: **Hosea 2:13-14**
Sing- Ps. 33:1, Ps. 119:60; Ps. 133:1,2; Ps. 118:1
Hosea is die eerste in die Twaalfprofeteboek (Hosea – Maleagi), ook genoem die kleiner profete . Broeder en suster, ons kan nie anders as om die geweldig dramatiese in die boek raak te sien nie. Soos die boek in 'n drama geskryf staan, so was Hosea se eie lewe die van werklik die dramatiese, maar hierdie drama is geen opvoering nie, dit is alles 'n werklikheid. Hosea is een van die profete wat so 750-722vC opgetree het. Hy staan saam met die profeet Amos, die boer van Tekoa, alhoewel dit lyk of Amos so tien jare of wat al voor Hosea profeet was. God se liefde en God se reg is waartoe die twéé profete geroep was. Hosea wat die draer moes wees van hoe groot God se liefde is, liefde wat jy hoegenaamd nie kan omvat nie, liefde wat daar net by God kon wees, selfs teen die ontroues. Amos wat weer nie soseer wys op God se liefde nie, maar by Amos gaan dit om God se reg. Nie dat reg en liefde ooit van mekaar geskei kan word nie. By ons belydenis uit die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 16) wat handel oor die uitverkiesing sal dit presies ook weer na vore kom. Hoe God se reg en God se liefde mekaar ontmoet. Hosea wat wys wat gebeur as mense teen God ontrou is, soos wanneer die huwelik die grootste ontrou moet trotseer. Amos wat nie ontrouheid vooropstel nie, maar onreg, hoe verskriklik die onreg teenoor God. Daarom sou ons die twee profete saamlees dan het ons te doen met ontrou teenoor God (Hosea), onreg teenoor God (Amos), elk in sy verskriklikste vorme...

Hosea staan as 'n noorde-profeet tussen die opeenvolging van koning na koning, beginnende by Jerobeam II, waar Jerobeam 'n sterk koning was, alles behalwe godsdienstig sterk, maar hy was militêr sterk, ekonomies sterk, polities sterk... Die dinge wat dit mos laat lyk of dit in 'n land goed gaan, so het dit in Jerobeam se 40 jaar van regering gelyk. Tog het ná Jerobeam die dinge in die noorde, wat die Tien-stammeryk was, inmekaar begin val. Samaria, Jerobeam se seun volg sy pa op, maar kort hierna is hy vermoor. Trouens die Bybel noem net die naam van Jerobeam, wat in die noordryk was en dan die langer lys van konings in die suide, wat die Twee-stammeryk was. As jou eie konings so sleg is dat jy hulle nie eers wil noem nie, hulle name moet nie eers oor my lippe kom nie, hy noem eerder die suide se konings, hoe sleg is jou eie konings tog, jy bly eerder oor hulle stil....want hoekom het Hosea net Jerobeam genoem, maar hy het tog ook Sagaria, Sallum, Menahem, Pekahia, Peka, ja hulle was almal noorde-konings toe Hosea profeet was, maar oor hulle praat hy nie. Die

moordlys net langer geword. Die een koning maak die ander dood dat hy in sy plek koning kon word.

Hosea tree op te midde van hierdie moorddadige konings, hy ken hulle almal, maar hy bl. Maar eerder stil... Ja, Hosea in sy eie lewe 'n groter stryd moes stry, 'n groter saak moes wys, hy moes aanwys waarheen die dinge op pad is. Dit is dan ons hooflyne- Die groter stryd wat Hosea moes stry- tweedens die groter saak wat hy na wys en laastens- waarheen die dinge op pad is.

<u>Die groter stryd wat gestry moes word:</u>

Die Here laat Hosea se persoonlike lewe soos 'n spieël voor ons inskuif, want in wat by die huislike van Hosea se huwelik en gesin gebeur, so gebruik die Here hierdie huislike as die toonvenster van wat in die Here se volk aan die gang is. Ons het reeds die verskriklike in die politiek na verwys. Konings wat mekaar vermoor, dit op politieke terrein, maar ons moet altyd verby die politiek kan kyk en besef God gebruik die politiek om te wys wat maak ons met Hom wat God is. Al het Hosea ook voorspoed gesien en dit kon geniet, het die Here in Hosea se eie lewe ingegryp.

Hosea se vrou Gomer, 'n dogter van Diblaïm, word as 'n straatvrou, m.a.w. 'n prostituut die huislike ingebring. Hosea wat die opdrag kry, gaan trou met so 'n vrou... Geweldig dan die ontrouheid van hierdie vrou, die onsekerheid wat so 'n vrou by haar man en ook in Hosea se geval word hulle kinders se name en lewe 'n aaneenskakeling van pyn en afval en onheil en teleurstellings wat in hierdie huis nie wil wyk nie. Die eerste kindjie kry nog die pragtige naam Jisreël, ja die naam beteken *God plant, God saai.* Jisreël was in Israel 'n pragtige vrugbare vallei tussen die berge van Samaria en Galilea, maar as Israel die naam Jisreël hoor, dan het die hare regop gespring. In die vallei wat so mooi is, het in Israel van hulle mees gewelddadige oorloë plaasgevind. Jisreël is in Israel ook 'n vallei van oorlog en bloed. Jerobeam II se oupa het van die mees gewelddadige oorloë in hierdie vallei gevoer. As Hosea sy kind Jisreël noem, dan kan dit eintlik die swaar betekenis oordra van God saai oordeel...

Daarna bring die huwelik nog 'n kindjie die lewe in, nou 'n dogtertjie, die kind kry die naam *Lo Rugama*- ja die woord *Rugama* het op sigself mooi betekenis. Dit dui op God se ontferming en God se genade. Die *Lo* wat vooraan staan draai die betekenis egter om. Die dogtertjie se naam dui op geen ontferming, geen genade meer nie. Dan kom daar 'n derde

kind, weer 'n seuntjie en nou kom sy naam baie hard oor- *Lo Ammi- ammi* beteken volk, ja God het so dikwels na Israel verwys as my volk, Ek sal vir julle 'n God wees, julle moet vir my 'n volk wees maar nou soos met die dogtertjie se naam het ook die seuntjie se naam die *Lo* vooraan. Hosea skryf self die verklaring wat in hierdie seuntjie se naam lê- *julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie.*

***

Broeder en suster, wanneer die eerste venstertjie in Hosea se huis en lewe oopskuif dan is die woorde in Hosea 2:1 reeds geplaas- *Twis met julle moeder, twis...* Hosea praat met sy kinders, nie om hulle teen hulle ma op te maak nie, maar ma en kind staan hier nie alleen nie. Die ma is die groot geheel, soos die volk een geheel moet kan wees. Die ma is die volk Israel en die kinders is die kinders uit hierdie ma, uit hierdie volk gebore. Ja die volk is my moeder en ek is kind van hierdie moeder, kind uit hierdie volk gebore, wat te midde van die volk kon opgroei, binne hierdie volk is ek opgevoed, die volkslewe wat soos 'n wakende moeder haar kinders moes kon beskerm.

Dis die tipe ma waarna Hosea verwys maar hierdie ma is alles behalwe ma soos wat 'n ma moet wees. Die kinders wat met haar moet twis is, is kinders wat moet besef dinge loop verkeerd. Waar gaan die dinge eindig. Dit is bitter onaangenaam waarheen die dinge vir ons op pad is – Later dan lees ons in Hosea 4:1- 4 iets van die volkslewe, m.a.w. die ma se lewe- ... Ons lees- *die HERE het 'n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie.* ***2*** *Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak.* ***3*** *Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja, ook die visse van die see kom om.* ***4*** *Laat net niemand met ons twis of ons berispe nie! Nogtans is jou volk soos die wat met die priester twis!*

Wanneer ons dan raaksien die groter stryd wat Hosea moes stry gaan dit eintlik in die tweede plek- om die saak- die groter saak-

<u>Die saak wat Hosea moes bedien:</u>

Wanneer ons dan so bietjie die huisgesin van Hosea kon inkyk met hoe 'n onbetroubare vrou hy gehad het, elk van hulle kinders se naamgewing is al 'n padbord na die volk toe. Dan is dit presies wat die Here met Hosea doen, sy lewe, sy vrou, sy kinders is 'n padbord na die volk toe. Hier in die huis het ons inderdaad die kleiner verhaal binne die groter verhaal van

Israel. Die stryd wat Hosea moes stry loop oor in die saak wat die Here met sy volk het, nl. God se saak is God se liefde vir sy volk...

As daar nou ’n groot opskrif bokant hierdie saak geskryf moes word dan sou ons kon sê: **Aan die Here se liefde is daar geen einde nie.** Die kinders moet met hulle ma twis, nie om haar te verloor nie, juis nie, maar om haar te behou, omdat hulle haar liefhet. Om haar terug te bring. Die twis dien die saak, die twis dien om weer insig en ontsag te verkry in wat die ma vir die kinders moet wees, in dieselfde sin moet die moeder weer weet wat sy in haar land vir haar kinders moet beteken. As die volk so ontaard het, hoe kan die kinders in hierdie volk dan anders wees. Daarom is God se saak nie maar net blote twis nie, dit word eintlik in ons teksverse ietwat van ’n vreemde situasie, dit kom by die punt van wat ons teksverse aan Hosea oplê- die vrou moet gelok word.

As ons praat van om iemand te lok- v13 dan is die verkeerde gedagte voorop. Kinders kan ’n voëltjie in ’n wip vang omdat hulle die voëltjie die wip ingelok het. Nou staan hier van God geskrywe dat Hy die volk wil lok. Dadelik wonder ons wat is hier nou God se saak? Wat bedoel die Here hiermee? God se saak is nooit om ons uit te lok, tot kwaad, tot vergelding, tot die sonde nie. Nooit nie!

***

Hosea wys wat God ons van Homself wil wys. Daarom dat Hosea met so ’n vrou baie geduld sal moet betoon. As ons deur die profesie lees dan wys die boek na die dinge wat gebeur wanneer dit in ’n huwelik ook baie sleg gaan. Sy vrou wat agter ander mans aanloop, hy doen alles om haar weer na hom terug te bring. Hy dreig haar, hy jaag haar weg, hy gaan haal haar weer, hy kry haar net nié vergeet nie, selfs hoor Hosea al was sy vrou so skuldig, hy moet haar weer die hof maak soos in die ou dae...

***

Alles omdat Hosea die padbord moet wees wat wys na die padkaart van God se liefde. Op die kaart van God se liefde staan hier dinge geskrywe wat wys hoe Hosea nie moet maak soos ’n hond wat geslaan word, dan weet ons die hond byt na die stok wat hom geslaan het. Nee, in God se straf word God se saak nie ’n stok wat ons slaan nie, maar God lok sy volk deur nie hulle harder te straf nie, maar deur hulle meer liefde te gee. Liefde wat hulle in al hoe minder mate sal kan verdien, hulle verdien om al meer gehaat te word, maar inplaas van die haat word die liefde duideliker en groter.

Die padkaart van God se liefde wat natuurlik die grootste pyl na Golgota wys, God gee hier al ’n roetekaart en eintlik liefdes-afstandsmerke na Golgota toe, terwyl Hosea nog op die roete was, is daar al die dinge ter sprake wat net Christus kon doen. Te midde van die grootste haat, om dan die grootste liefde te laat spreek.

***

Dit is hoe die dinge in hoofstuk 2 werk. Daar word as’t ware kringe om die vrou getrek. Hosea wat haar laat verstaan jy sal niks oorhou nie, haar naak uittrek, haar weerloos maak soos sy by haar geboorte was, haar maak soos ’n woestyn, ja sy wat die woestyngode vereer, word nou ’n lewelose woestyn, sy wat dink Baal bring vrugbaarheid en groei en lewe, Baal is die water van die lewe, hierdie vrou sal uitvind, hier gaan ek dood van die dors... maar dan help dit nie Hosea trek ’n tweede kring om die vrou...sy wat haar losbandigheid net erger laat word, loop agter ander mans aan, maak asof sy haar eie man glad nie meer nodig het nie, nou word die kring om haar getrek dat sy besef op hierdie kragte wat ek gedink het ek kan steun, dit sal my nêrens bring nie. Sy word soos een wat misbruik is, haar omstandighede word so sleg dat sy sal besef ek het alles verloor, ek het geen sekuriteit meer nie. Nou weet ons dit wat die vrou sê is wat die volk van hulleself moes sê.

’n Volk uitgeteer in die woestyn, uitgelewer aan die omstandighede wat daar geen vastigheid meer bestaan nie, dit wat die vrou in vers 6 laat sê *Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man, want toe het ek dit beter gehad as nou.* Daar word ’n derde kring om die vrou getrek, ’n nog kleiner kring, sy raak as’t ware al hoe meer vasgevang, sy word beroof van die dinge wat vir haar belangrik is. Soos ’n ontroue vrou se klere van haar afgeskeur word so wys die Here sal die land kaal gestroop word deur droogte, die vyande sal die wingerde en die vye verniel. Hulle sal werklik voel hulle kom al meer in die woestyn, die land word ’n woesteny.

Dan kom ons teksverse wat eintlik die vierde kring om die vrou begin trek en hier gebeur wat ons eintlik na ons asem moet laat snak. Hoe kleiner die kringe word wat rondom die vrou getrek word hoe swaarder word dit, ja hoe groter word die woestyn om haar, maar dan wys God hoekom Hy hierdie vrou gelok het... hoekom hulle weer in die ballingskap moet kom, want God se woestyn van ellende en swaarkry en pyn dit was nie bedoeling dat hierdie vrou vernietig moet word nie. Nee, God omsingel haar met die woestyn deur haar geen ander uitkomkans te bied nie. God se liefde kan dan net duideliker spreek waar die volk in hulle nood moet agterkom dat dit waarop ons vertrou het, is waardeloos. Elkeen daar, maar ook

ons hier, dit is so nodig dat jy eintlik moet ontdek hoe afhanklik ek van God is. Dit laat jou God se eintlike saak met jou nl. God se liefde vir jou raaksien. Daarom na ons gesien het die al groter stryd en die eintlike saak wat in die persoon en huwelik van Hosea na vore kom, nl. God se liefde – is ons laaste gedagte-

<u>Waarheen hierdie liefde op pad is?</u>

In ons teksverse sê die Here vir Hosea - *Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek.* Om na iemand se hart te spreek is die uitdrukking van die diepste liefde. As God wys waarheen Hy met sy volk op pad is, dan sê die Here mooi dinge wat ons ook aan die hart moet gryp. God wil dat ons anders na ons onsself en na ons lewe moet kyk. Daar kom die swaar dinge oor die vrou omdat die vrou in elke opsig verdien om verwerp te word, sy verdien om nie meer ’n stukkie lap oor haar liggaam en lewe te trek nie, sy verdien dit om diep in die woestyn ’n verskriklike dood te moet sterf, maar die twis met hierdie moeder is om haar terug te bring na waar sy hoort, in haar man se hart, deel van ’n gesin, opreg deel van wat liefde is en wat liefde doen. Die vrou wat die lelikste losbandigheid kan vergestalt, maar ook die vrou wat die mooiste liefde kan versinnebeeld, dit wil God in Hosea se vrou ons laat sien.

Sy moet mooi dink, sy moet logies dink, sy moet self insien watter gemors ek van my lewe gemaak het. Dan sal sy haar verlosser raaksien, die een wat haar uit haar verskriklike lewe kom haal het, haar losser is haar man, maar broeder en suster, Hosea haar man, maar u weet Hosea is ’n man wat dieselfde naam dra as die Een wie se naam ook Hosea is, Hy is Jesus. Jesus en Hosea en Josua is almal dieselfde name, Jesus het ons kom verlos soos Hosea se vrou daadwerklik verlossing nodig gehad het. Dit waarheen hierdie liefde op pad is, dit sê die Here in v.14- *Ek (sal) haar daarvandaan haar wingerde gee en die dal Agor tot ‘n deur van hoop, en daar sal sy antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egipteland opgetrek het.*

Waarheen God met haar op pad is, dit is wat die natuur jou nie kan gee nie. Jy sal nie in die dorre droë woestyn op boorde wingerde kan afkom nie, God gee in die woestyn wingerde, , vanuit die woestyn kom die vreugde te midde van smart. Die grootste wat God gee is ’n deur van hoop. Luister mooi wat God sê – Hy maak die dal van Agor tot ’n deur van hoop... Die dal Agor was ’n verskriklike plek. In die Agorlaagte is Akan en sy familie met klippe doodgegooi, want het Akan met die verowering van Jerigo van God gesteel. Lank terug het hierdie man Akan van die bangoed gesteel, u kan daardie geskiedenis in Josua 7 gaan lees.

Jerigo was die eerste stad met die intog in Kanaän, so was Jerigo eintlik 'n deur, die ingang na die nuwe land, maar die daad van Akan het hierdie ingang bederf, tot wanhoop gemaak, Agan en sy familie se graf blokkeer die ware toegang. Na baie jare sê die Here aan Hosea en die vrou van sy liefde wat in haar sonde verstik was, ek gaan julle weer 'n kans gee. God sê Ek maak die Akorlaagte, waar die verskrikking groot was, *'n deur van hoop*. Dit is waarheen hierdie liefde jou wil neem, na God wat vir jou die pad wil oopmaak. Daar in die woestyn antwoord die vrou – hoe mooi staan dit hier- *(sy) sal antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egipteland opgetrek het.*

Daarom geliefdes, as ons vandag Hosea kon lees, hoor die ware Hosea Jesus Christus, Hy wat met ons maak soos Hosea met sy vrou kon maak, om weer te begin asof daar niks verkeerd was nie. Ons begin van vooraf- ja God sê ons begin by die punt waar dit was asof Ek wat God is julle pas uit Egipte uitgelei het. Dit is net God in Jesus Christus wat dit kan sê, wat dit kan doen, dit is net deur die Heilige Gees wat ons werklik ook weer met God van vooraf kan begin, asof dit nou waarlik die begin is.

AMEN